Ges. 32: 1,3 **Boete, Berou, Belydenis.** Vb. | Potch. K 12.11.55
" 38: 2 Ps. 51.
" 155: 6
" 33: 4,6.

Ps. 51: 6 – Teen U alleen het ek gesondig en gedoen
wat verkeerd is in u oë.

Hoe beter d. mens homself leer ken hoe dieper
kom hy onder d. besef v.d. mag van sonde en
kwaad wat sy hele lewe deurtrek en soek om
dit te beheers. Maar soms gebeur dit dat 'n mens
tien jare (ja, somm. mense hulle hele lewe) kan
rustig leef en werk sonder om ooit die diepte
van kwaad in sy eie hart te ontdek. Hy vergelyk sy lewe m. die van ander en kom dan tot
d. gevolgtrekking dat dit nou nie juis baie beter
is as die van ander nie, maar ook nie juis slegter nie.

Totdat God op 'n goeie dag iets stuur: een of ander
ernstige siekte, 'n groot teleurstelling, 'n wrede skok, tot
waardeur d. persoon skielik tot selfinkeer, tot
d. ontnugtering kom: 'n valse gerustheid het ek
al die tyd gehad; gereken alles is reg. En nou
moet ek ontdek: ek lewe in sonde en ongeregtigheid!

So het dit met Dawid gegaan. Op d. toppunt
van sy roem as koning; alles voorspoedig in sy
ryk; sy vyande oorwin; sy staatsake in orde.
Gevolg: sy waaksaamheid verslap – ook in sy
geestelike lewe. En daarmee d. grond voorberei
vir sy bykike val – oorspel met Batseba-
In hd. psalm stort D. in d. verseerde
woorde sy hart uit voor God. Hoe dankbaar dis vir ons bewaar! Hiervan nie afuit
haal:

I. **Alle sonde is sonde teen God:** v. 6 – "Teen
U alleen" Baie mense het al gesê: Maar

wat het D. se oorspel met God te doen? Dis tog teen Bátseba! Nee, D. sien d. saak reg. Hy begryp dat d. woord sonde beteken: om jou doel te mis. Beteken nie in se plek om verkeerd te doen, om wette te oortree, om jou nefmens skade aan te doen nie. Hy verstaan dat d. doel waartoe God d. mens op aarde gestel het is om God te verheerlik, om Sy eer te bevorder deur alles wat ons dink & sê & doen. Daarom is d. mens geskape in die ware kennis van God, geregtigheid en heiligheid – om tot eer van God te leef! En sodra d. mens dit nie meer doen nie, sodra die mens leef vir homself, sy eie eer en glorie, dan mis hy sy lewensdoel, dan verkrag hy Gods plan met sy lewe, dan sondig hy!

En dan maak dit nie saak wat die vorm of d. duur v. d. sonde is nie – dit bly eerstens sonde teen God! Want dis Sy Naam wat ek afdeur oortree, dis Sy Vaderhart wat ek bedroef, dis Sy Koninkryk wat ek benadeel, dis Sy liefde wat ek wond en verwerp! En voor d. mens nie tot hd ontdekking kom nie sal hy sy sonde óf wil bedek, óf dit sien as 'n foutjie, of dit probeer goedpraat deur d. vermeer: Ander doen net dieselfde dinge! D. Godsbewussyn dood, d. Godsbeeld verdof!

II alle vergifnis moet kom van God: As I waar is, dan volg II vanselfsprekend. Daarom D. se hartroerende noodroep, sy pleit op sy knieë voor God: (vs. 4): „Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde" „Was my dat ek witter kan wees as sneeu" Dawid besef: ek as mens is magteloos om d. gebroke verhouding tussen God en my te herstel want d. wortel v.d. sonde is te diep: „in ongeregtighd gebore, in sonde ontvang"



Die mens se oortreding kan alleen deur Gods vergifnis bedek en uitgewis word.

– Dd. vergifnis die brug van Gods liefde

– Die liefde mees d. geregtighd nie verkrag: daarom Xtus se kruis. lyde + sterwe om in eie persoon vir ons sonde te betaal!

– Gods vergifnis direk gekoppel a.d. mens s'n: Onse Vader.

III Alle herstel volg na Belydenis v.d. Mens:

– Offers nie genoeg: vs. 18 – Dink aan O.T. & volk Israel